VOLUME 1/2012

MEI/MAY 2012

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

STRUISIEBONDER


# SLABBERT-BROERS ALBEI DOKTORE

**Dit is gewoonlik 'n akadamiese vreugdedag as iemand uit 'n gesin 'n doktorsgraad behaal, maar wanneer twee broers uit een gesin dit doen, laat dit beslis die bors van ouers swel! In die huis van Hansie en Helene Slabbert brand die vreugdevure hoog nadat albei hul seuns, die oud-Struisies, Etienne en Ruhan, dié onderskeiding behaal het.**

Dit is beslis ook 'n pluimpie vir die Wiskunde– en Wetenskapdepartement van Hoërskool Oudtshoorn. Sonder die goeie basis wat in Struisieland gelê is, sou dit heelwat moeiliker gewees het.

Etienne behaal sy doktorsgraad in Mikrobiologie onder leiding van prof. K Jacobs met die verhandeling "*Microbial communities of riparian ecotones invaded by non-indigenous Acacia.*"

Ruhan behaal sy doktorsgraad in Genetika met die verhandeling "*Identification of growth-related quantitative trait loci within abalone, Haliotis midae, using comparative microsatellite bulked segregant analysis*" Sy promotor was dr. R Roodt-Wilding. Hy is tans werksaam by die Sentrale Analitiese Fasiliteite van Stellenbosch Universiteit, spesifiek die DNA Volgordebepaler Eenheid. Hy fokus spesifiek op die Tweede Generasie volgordebepalingstegnologie (next generation sequencing – algemene term). Ruhan is getroud met dr. Leani Swanepoel en woon in Somerset-Wes.







IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Willem Matthee | 2 |
| Amelia - Struisie-filmster | 2 |
| Sulayman maak klanke | 3 |
| Reünie 2012 | 3 |
| Netbal dink groot | 4 |
| Caylib speel Super 15 | 4 |
| Sportborge speel groot rol | 4 |


Vir die 2012-kalender…

- 9 Jun Hondeskou
- 2 Aug Groot Brag
- 3 Aug OudStruisies-funksie
- 4 Aug STRUISIEDAG
- 7 Aug Jeugkuns– en Fotoweek
- 5 Nov Borgefunksie

# STRUISIES & OUD-STRUISIES WAT PRESTEER

## GROOT EER VIR WILLEM MATTHEE

Willem Matthee wat in 2007 aan HS Oudtshoorn gematrikuleer het, is pas deur NMMU [Saasveld] aangewys as die beste BTech Natuurbewaringstudent en het daarmee die Buffelsdrift-trofee verower.

Willem verwerf sy graad Cum Laude en behaal 'n gemiddeld van 89,6% oor die 4 jaar van sy studie.

Struisieland is trots op jou.



## ANICA SIEN WÊRELD

Anica Potgieter is aan die begin van 2012 tot die Junior Advisory Board (JAB) van die IE Universiteit van Madrid verkies. Slegs 12 leerders van reg oor die wêreld (enigste een van Suid-Afrika en een van twee van die Afrika-kontinent) dien op hierdie raad. Die doel is om 'n jeugdige invloed en perspektief tot die universiteit by te dra deur soveel moontlik verskillende menings van die leerders te kry. Anica dien vir 'n periode van twee jaar op die raad en sy het die vergadering vanaf 27-30 Maart 2012 in Madrid, Spanje bygewoon. Tydens die vergadering het hulle verskeie werkswinkels gehad en op die laaste dag terugvoering gegee aan die rektor van die universiteit en aan verskeie lede van die senior adviserende raad.



TROTSE ANICA EN ONS VLAG

**"Dit was n ongelooflik leersame ervaring en net n belewenis om met kinders van reg oor die wêreld verskillende menings en diverse perspektiewe te kon deel. "** Struisieland is trots op Anica!

## AMELIA STRUISIES SE JONGSTE AKTRISE

Amelia Bosch (18), 'n graad 12-leerder van die Hoërskool Oudtshoorn is onlangs by 'n galageleentheid by die Swartberg Country Manor aangewys as die wenner van die Swartberg Tienertoneelkompetisie. Daarmee het sy ook vir haar 'n rol losgeslaan in die fliek, *Klein Karoo,* wat in die Oudtshoorn-omgewing deur Regardt van der Bergh vervaardig word.

Amelia kry nou geleentheid om skouers te skuur met bekendes soos Donnalee Roberts, Hykie Berg en Anel Alexander.

Dalk 'n rol in *7de Laan* volgende? Wie weet!



AMELIA BOSCH

## *SULAYMAN HUMAN MAAK GROOT KLANKE!*

Een van die sterre van die Ad Astrakoor, Sulayman Human, het sy staal onlangs gewys toe hy die gesogte Hennie Joubert-klavierkompetisie gewen het wat deel was van 'n internasionale klaviersimposium wat in die Endlersaal op Stellenbosch aangebied is.



In 2010 het Sulayman geskiedenis gemaak deur die eerste matrikulant te word om die Lionel Bowman Beethovenprys te wen.

Nog 'n Struisietrots !

## *NUWE BHEERLIGGAAM VIR STRUISIES*

Die volgende lede is pas verkies as Beheerliggaamlede vir die volgende 3 jaar. Struisiebond wens hulle alle sterkte toe:

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter: | James King | |
| Vise-voorsitter: | Jaco Jordaan | |
| Sekretaresse: | Lianda Victor | |
| Tesourier: | Hein Jonker | |
| Addisioneel: | Herman Myburgh | [Terrein & Geboue] |
| | Jaco Ungerer | [Bemarking & Sport] |
| | Nico de Wet | [Koshuise] |
| | Nantie Fourie | [OOV] |
| Skoolhoof: | Johan Claassen | |
| Opvoeders: | Gerrit Rudolph, Christo Serfontein | |
| Nie-Opvoeder: | Elzanne Kruger | |
| Leerders: | Anica Potgieter & John-Henry Schmitt | |

STRUISIEBOND TTi TOWERS TRUST INISIATIEF • INITIATIVE

# KORT NUUS ...

- AD ASTRA-KOOR spog met A++ by Outeniqua Koorfees
- Ruhan Slabbert [1997] verwerf sy PhD aan die Universiteit van Stellenbosch
- Jacques Nortier, oudStruisie, het as lid van 'n filmspan van National Geographics, 'n *Emmy-toekenning* ontvang vir die verfilming van migrasie van Zebras in Botswana
- Martie v d Westhuizen, oudStruisieleerkrag, was instrumenteel in die aanwys van De Rust as Dorp van die Jaar

### REUNIONS / REËNIES

**Die Struisiebond moedig alle oudStruisies aan om betrokke te raak by hul jaartal se reünies. Waar die Struisiebond kan, ondersteun ons die organiserende komitees om hul onderskeie reünies te reel, en logistieke hulp aan te bied en advies te gee.**

**Kontak gerus die Struisiebond by 044-2791623 of 082-7734901 of struisiebond@oudhs.wcape.school.za**

**Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm**

**Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za**

# REËNIES 2012 & 2013

2013 gaan 'n groot jaar vir Struisies wees - dan vier HS Oudtshoorn sy 50-jarige bestaan. 'n Groot makietie word vir 9-11 Augustus 2013 beplan en inligting sal so gou moontlik bekend gemaak word. Die matrieks van 1973, 1983, 1993 en 2003 word nou al versoek om hul groepe te organiseer vir Reünie 2013!

PROUDLY Struisie TROTS TEL: 044 279 1623 www.oudhs.co.za

### REUNION: MATRICS OF 1972

The matrics of 1972 will have their 40 year reunion the weekend of 9-13 Augustus 2012. All the matrics of 1972 are requested to contact **Japie Gouws** at 083 268 8395 or japie.gouws@mweb.co.za

### REËNIE: MATRIEKS VAN 1977

Die matrieks van 1977 hou hul 35-jaarreünie die naweek van 12-13 Oktober 2012. Alle matrieks van 1977 word versoek om **Hennie Gouws** by 072 877 2839 of hjgouws@lantic.net te kontak.

### REUNION: MATRICS OF 1992

The matrics of 1992 will have their 20 year reunion the weekend of 3-5 August 2012. All the matrics of 1992 are requested to contact **Isobel Odendaal** at 082 558 9400 or isobel@sysa.co.za

### REËNIE: MATRIEKS VAN 2002

Die matrieks van 2002 hou hul 10-jaarreünie die naweek van 3-5 Augustus 2012. Alle matrieks van 2002 word versoek om **Jurgen Hanekom** by jurgen.hanekom@za.pwc.com te kontak.




SPORT

**HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL**

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620

Tel : 044-2791623
Fax: 044-2725365
Email : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**STRUISIEBOND**

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

# CAYLIB SPEEL SUPER 15 RUGBY

Nog een van Struisies se produkte is besig om groot naam te maak as Super 15-rugbyspeler vir die Goue Leeus.

Nadat hy aanvanklik eers die bank warm gesit het, is hy die afgelope paar wedstryde van die Goue Leeus opgeneem in die beginspan en is die kammentators gaande oor sy spel.

Na 'n teleurstellende 0/20-seisoen as gevolg van 'n gebreekte enkel, het hy die SA 0/21-span verteenwoordig.

Nog twee oud-Struisies, Percy Williams en Bradley Jumaats, het hulle by die Goue Leeus aangesluit.




**Sterkte vir die seisoen!**

**ENB STRUISIEDAG 2012**
**4 AUGUSTUS**
Tref nou reeds jou reëlings vir hierdie GROOT geleentheid !

# SPORTBORGE SPEEL GROOT ROL IN STRUISIE-SPORT




Tradisioneel het die borge van Struisie-sport-spanne weer eens vanjaar die hand diep in die sak gesteek. Sonder hierdie weldoeners sal Struisiesport heelwat armer wees.

Op Maandagoggend 16 April het die borge die wintersportsoorte se klere en ander onder-steuningsmateriaal aan die onderskeie kapteins van hokkie, netbal en rugby oorhandig

**Struisieland sê baie dankie!**

## BLITZ SPORTNUUS

- Gerhard Nortier blink uit vir PUKKE in Varsity Cup 2012.
- JS de Jager verteenwoordig die Cayman Islands Nasionale rugbyspan teen Mexiko.
- Percy Williams en Bradley Jumaats opgeneem in die 0/20-oefengroep van Goue Leeus rugby
- Anver Carelse behaal 'n puik sesde plek in ver-spring op die 2012 SA Junior Atletiekkampioen-skappe in Germiston.
- Mnr. Bernie Deacon moes onlangs 'n hartomlei-dingsoperasie ondergaan en sterk tans tuis aan.

## STRUISIE-NETBAL DINK GROOT

Die Struisie-netbalfamilie dink groot in 2012 en in 'n poging om die netbal nog meer kompeterend te maak, het hulle die Protea-afrigter, Elize Kotzé, na Struisieland ge-bring vir die aanbied van af-rigtersklinieke vir beide afrig-ters en spelers.






# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620
TEL 044-2791623 e-mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR ☐ ONDERSTEUNER / SUPPORTER ☐ OUDONDERWYSER / EX-TEACHER ☐

VAN / SURNAME : ______________________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ______________________________

VOORNAME / FIRST NAMES : ______________________________

ADRES / ADDRESS : ______________________________

______________________________________________

KODE / CODE : ______________

e-pos / e.mail : ______________________________

TEL: KODE/CODE :__________NR/NO :______________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ______________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐

DIREK / DIRECT : ☐ TTi, FNB, OUDTSHOORN, 62129269793